

Gereformeerde Kerk Bellville – 15 November 2015 – aand

Sing vooraf staande: Psalm 81:11, 13, 15 (p.413)

- 11 Ek is God en HEER / wat die volk bevry het – / Ek en niemand meer!
Wat jul deur my hand / uit Egipteland / veilig uitgelei het.
- 13 Maar my volk wou My / nie gewillig eer nie, / aan my diens gewy;
ver van My vandaan / het hul weggegaan / en My nie begeer nie.
- 15 Ag, as hul maar net / na my raad wou handel, / op my woord wou let!
As hul maar wou hoor, / in die veil'ge spoor / van my wet wou wandel!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 95:1, 2 (p.477)

- 1 Kom, laat ons jubel voor die HEER, / laat ons Hom toesing lof en eer –
die rots van heil wat ons oordek het. / Laat ons met lof en eerbiedsgroet
sy vriendlike^oaangesig ontmoet / wat nuwe vreugde^oin ons gewek het.
- 2 Bo al die gode^oen godeprag / troon God as Koning; sy gesag
is groot en ken geen grense^oof lyne. / Die aard' se diepste binnekant
is in die holte van sy hand; / die hoë berg daarbo is syne.

Gebed

Psalm 95:4, 5 (p. 478)

- 4 Hy's onse God en Herder, Hy, / en ons die skape van sy wei
wat uittrek onder sy beskerming. / As jul vandag sy roepstem hoor,
verhard jul nie, maar neig jul oor, / merk op die roep van sy ontferming.
- 5 Verhard jul hart nie, soos weleer / jul vaders wat – hoe dikwels weer! –
nie op my wondermag vertrou het. / Hul het My, deur die dors gekwel,
versoek, My op die proef gestel, / hoewel hul al my werk aanskou het.

Skriflesing: Lukas 7:18-35; Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 2, Artikel 6

Kernvers: Lukas 7:31-34

Toe sê die Here: Waarmee sal Ek dan die mense van hierdie geslag vergelyk, en waaraan is hulle gelyk? Hulle is net soos kinders wat op die mark sit en na mekaar roep en sê: Ons het vir julle op die fluit gespeel, en julle het nie gedans nie; ons het vir julle 'n klaaglied gesing, en julle het nie gehuil nie. Want Johannes die Doper het gekom en het nie brood geëet of wyn gedrink nie, en julle sê: Hy het 'n duiwel. Die Seun van die mens het gekom en Hy eet en drink, en julle sê: Daar is 'n mens wat 'n vraat en 'n wynsuiper is, 'n vriend van tollenaars en sondaars.

(Lukas 7:31-34 AFR53)

Dordtse Leerreëls

Hoofstuk 2, Artikel 6

Baie wat deur die evangelie geroep is, bekeer hulle nie en glo nie in Christus nie, maar sterf in ongeloof. Dit gebeur, nie omdat die offer wat Christus aan die kruis volbring het, gebrekkig of onvoldoende is nie, maar deur hulle eie skuld.

Tema: Die oorsaak van ongeloof – is Christus se offer nie genoegsaam nie?

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, die woorde wat ons hier in artikel 6 bely is nie iets wat ons die eerste maal hoor nie. Artikel 6 se woorde herinner ons aan wat ons in hoofstuk 1, artikel 4 en 5 ook bely. In hoofstuk 1, artikel 3 bely ons **dat God verkondigers van die vreugdevolle boodskap stuur na wie Hy wil en wanneer Hy wil om mense tot bekering en geloof in Christus te roep**. So het ons verlede Sondag agtergekom bely ons ook in hoofstuk 2, artikel 5: **Die belofte van die evangelie moet aan alle volke en mense verkondig word na wie God die evangelie na sy welbehag stuur**.

Die reaksie wat 'n mens verwag wanneer die vreugdevolle boodskap van God se liefde in Christus aan mense verkondig word, is dat hulle die boodskap in die geloof sal aangryp. Mense wil tog gered word. Daar is nie regtig iemand wat wil sterf nie; almal wil lewe. Maar nou bely ons van die hartseer reaksie op die belofte van die evangelie. Alhoewel baie die roepstem van God in die evangelie hoor, gebeur dit tog dat **baie wat deur die evangelie geroep is hulle nie bekeer nie en nie in Christus glo nie**. In hoofstuk 1, artikel 4 bely ons dat **die toorn van God op mense bly wat hierdie evangelie nie glo nie**.

Die woorde *die toorn van God bly op die mense* is woorde wat aangehaal is uit Johannes 3:36. Die toorn van God bly op die mense wat hulle nie bekeer nie en nie in Christus glo nie solank as wat hulle hulle nie bekeer en glo nie. In Johannes 3:36 hoor ons nog die genade van die Here. Daar is nog tyd dat hierdie mense tot bekering en geloof kan kom solank as wat hulle in hierdie lewe is.

Hier in artikel 6 klink dit uit ons belydenis dat daar baie mense is wat deur die evangelie geroep is en hulle net nooit bekeer nie en nooit in Christus glo nie. En die gevolg van hierdie volhardende ongehoorsaamheid is dat **hulle in ongeloof sterf**. Met ander woorde, hulle gaan verlore omdat hulle nie in die eniggebore Seun van God glo nie. Die toorn van God bly dan vir ewig op hulle as straf en oordeel oor hulle ongeloof.

In die tweede sin van artikel 6 bely ons waarom mense hulle nie bekeer nie en nie in Christus glo nie – **dit gebeur deur hulle eie skuld**. So bely ons dit ook in hoofstuk 1, artikel 5 – **die oorsaak of skuld van hierdie ongeloof, net soos van alle ander sondes, lê beslis nie by God, maar by die mens**. Die ongeloof van mense is dus nie God se skuld nie. In die konteks van hoofstuk 2 bely ons dat mense hulle nie bekeer nie en nie in Christus glo nie en uiteindelik in ongeloof sterf deur hulle eie skuld, want Christus se offer aan die kruis is genoegsame voldoening om die sondes van die hele wêreld te versoen. Dus kan niemand wat in sy ongeloof volhard en uiteindelik ook in sy ongeloof sterf, sê dat Christus te min gedoen het aan die kruis nie, so asof Christus nie genoegsaam ook vir hom en sy sondes sou gely het nie.

Broers, susters en kinders, wat ons hier in artikel 6 bely, is die oudste taktiek van die mens. Geen mens wil sy eie skuld vir wat hy ook al verkeerd gedoen het sommer net aanvaar nie. Adam het sy skuld voor die Here op Eva afgeskuif. Eva het weer probeer om haar skuld op die slang af te skuif. In artikel 6 hoor ons onderliggend die blatante gesindheid van die mens wat sommer sy skuld op Christus wil afskuif. Hy kan hom kwansuis nie bekeer nie en nie in Christus glo nie omdat Christus se offer aan die kruis kamtig onvoldoende en gebrekkig is.

Ons weet dit is nie die waarheid nie. Ons hoor dit in die Woord van die Here en ons bely dit in artikel 3. Die dood van Christus het oneindige krag en waarde. Dit is **oervloedig**

genoeg om die sondes van die hele wêreld te versoen. Die fout lê dus nie by Christus en sy werk nie, maar by die mens self wat nie wil glo nie. Dit toon Jesus vir ons aan met die kort gelykenis in Lukas 7:32.

Nadat Jesus aan die mense wat rondom Hom gestaan het gesê het hoe 'n groot profeet Johannes die Doper regtig is, vra Hy die vraag:

Waarmee sal Ek dan die mense van hierdie geslag vergelyk, en waaraan is hulle gelyk? (Lukas 7:31 AFR53)

Jesus vra die vraag omdat daar op sy prediking en op die prediking van Johannes die Doper hierdie twee uiteenlopende reaksies was. Lukas noem die twee reaksies in vers 29 en 30. Toe Johannes die Doper begin preek het en mense in die Jordaanrivier gedoop het, het mense van oor die hele land na hom toe gestroom. Dit was nie net die gewone burgers van die land wat na Johannes toe gegaan het nie. Daar het in 'n stadium ook 'n afvaardiging van die Fariseërs en die skrifgeleerdes by hom aangekom.

En uit albei hierdie groepe was daar die twee radikaal verskillende reaksies. Van die gewone mense, van wie sommige die laakbare tollenaars was, het tot die oortuiging gekom dat Johannes die waarheid verkondig. Hulle is sondaars wat onder die toorn van God verkeer. En as hulle hulle nie gaan bekeer nie en God nie gaan glo nie, sal hulle verlore gaan. Daarom het hulle hulle laat doop met die doop van Johannes. Daarmee het hulle openlik hulle sonde en skuld voor die Here bely en Hy het hulle in sy koninkryk ingelyf.

Maar die Fariseërs en die wetsgeleerdes het nie kans gesien om hulleself so te verneder nie. Hoe kan hulle wat tog die kerklike leiers en kenners van die Woord van God is hulleself nou in die openbaar as sondaars bely. Hulle aansien sal mos daal en hoe sal die volk weer na hulle kan luister as hulle net so sondig is soos die volk self? Dit het vir die kerklike leiers oor hulle eie aansien gegaan en nie oor wat die Here deur sy profeet Johannes aan hulle gesê het nie. Daarom het hulle God se oordeel oor hulle verwerp en hulle nie deur Johannes laat doop nie.

Toe Jesus met sy openbare optrede begin het en ook sy Vader se Woord aan die mense verkondig het, was daar aanvanklik ook 'n toestroming. Mense wou graag luister wat die Jesus van Nasaret verkondig. En kort voor lank was daar ook op sy prediking hierdie twee uiteenlopende reaksies. Die grootste meerderheid van die mense wat Jesus geglo het, het uit die dele van die samelewing gekom wat deur die Fariseërs en wetsgeleerdes verag is. Dit is die tollenaars en sondaars en prostitute wat Jesus glo en volg. Hoekom was daar op Johannes en Jesus se prediking hierdie selfde verskillende reaksies?

Jesus sê dit is omdat hierdie geslag mense soos kinders is wat net hulle eie sin wil hê en met niks anders tevrede is nie. En dan vertel Jesus van die kinders wat op die markplein wil speel. Die een groep sê vir die ander groep kinders baie opgewonde: Kom ons speel trou-trou. Hulle hou bruilof en begin besluit wie sal die bruid en wie sal die bruidegom wees. En op 'n bruilof is daar mos musikante wat vrolike musiek maak waarop die mense dans. Maar die groep wat die voorstel vir 'n speletjie hoor sê: Ag nee, ons is nie lus om dit te speel nie.

Die groepie kinders wat eerste die voorstel gemaak het, wil baie graag hê dat hulle maatjies saam met hulle moet speel. Daarom maak hulle 'n ander voorstel: Kom ons speel dan begrafnis-begrafnis. En weer 'n keer sê die klomp bedorwe brokkies: Ag nee, ons wil nie so 'n treurige speletjie speel nie.

Met hierdie gelykenis in vers 32 gaan Jesus verder. Johannes die Doper en Jesus het dieselfde begeerte. Hulle wil hê dat die mense wat hulle prediking hoor hulle sal bekeer en glo. Die inhoud van Johannes en Jesus se preke was presies dieselfde. Johannes het sy prediking so begin:

Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom.

(Matteus 3:2 AFR53).

En wanneer Jesus begin preek, klink dit so:

Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie. (Markus 1:15 AFR53)

Die boodskap wat Johannes en Jesus gebring het was een en dieselfde. Die verskil was egter in die styl waarin hulle dit gebring het. Johannes het homself in afsondering gehou. Jesus sê hy het nie brood geëet of wyn gedrink nie. Johannes het nie net eenkant in die woestyn gebly nie. Hy het hom glad nie met die gewone lewe besig gehou nie. Hy was nie tussen die mense waar hulle geleef en gewerk het nie. Dit is wat Jesus bedoel wanneer Hy sê dat Johannes nie brood geëet het nie. Ons weet dat Johannes sprinkane en wilde heuning geëet het. Johannes het ook nie wyn gedrink nie, soos wat die engel Gabriël nog aan sy pa Sagaria gesê het. En die wyse waarop Johannes sy preke gegee het, was baie skerp.

Hy het gepreek hoe die byl reeds teen die boomstam lê, gereed om die boom wat nie vrugte wil dra nie af te kap. Hy het gepreek van die Here wat sy dorsvloer gaan skoonmaak van al die kaf wat daarop lê. In vandag se taal sou 'n mens kon sê dat Johannes die soort predikant is wat heeltyd van sonde en sonde preek en vertel hoe die Here die sondaars gaan veroordeel as hulle hulle nie gaan bekeer nie. Net so nou en dan hoor 'n mens van die genade. En oor hierdie lewenstyl en styl van prediking het die mense van daardie tyd gesê: Johannes is nie so lekker in die kop nie. Hy moet 'n duiwel hê, want 'n normale mens leef nie so in afsondering nie. En daardie preke! 'n Mens kan nie daarna luister nie.

Jesus se lewenstyl en styl van prediking was heeltemal anders. Jesus het deelgeneem aan die normale lewe. Hy was op bruilofte en begrafnisse. Hy het saam met die mense geëet – saam met die wat Hom genooi het en somer saam met die gewone mense in die straat ook. Hy het saam met hulle wyn gedrink. Vir baie mense was Jesus 'n gesellige Persoon. Jy kon met Hom oor enigiets gesels. Hy was altyd vriendelik en Hy het tyd gemaak om na jou te luister. Nooit kon iemand sê dat hulle gevoel het asof Jesus hulle nie naby Hom wou hê nie.

En Jesus se preke? Ja, Hy het ook gepreek dat mense hulle moet bekeer en dat daar by God vergifnis is vir baie sondes. En hoeveel kere het Jesus nie mense se sondes vergewe en hulle boonop ook nog genees van verskillende siektes nie? En wat was die kerklike leiers se beoordeling van Jesus? Hulle het die volk gewaarsku: Pasop vir Jesus van Nasaret. Hy meng met die lae skuim van die samelewing. Hy is 'n vraat en 'n wynsuiper wat meng met die tollenaars, sondaars en prostitute. Hoe kan 'n mens iemand volg wat sulke dinge doen en Hom met sulke mense ophou?

Ons kom dus agter, geliefdes, dat dit nie die styl van prediking of die lewenstyl is van Johannes en Jesus wat die onwillige daarvan weerhou het om God te glo toe daar vir hulle gesê is dat hulle hulle moet bekeer nie. Dit is die inhoud van die prediking wat hulle laat besluit het dat hulle nie sal glo nie. Omdat hulle nie van die inhoud van die preke hou nie, val hulle die persoon en die styl van die prediker aan.

Dit gebeur vandag ook nog. Mense wil nie na hierdie predikant luister nie, want hy preek te reguit en op die man af. En die mens wat nie na hierdie predikant wil luister nie, weet baie goed dat die inhoud van die preek suiwer is en dit hom direk aangespreek het. Die Heilige Gees het vir hom deur middel van die Woord gewys waar hy in sy verhouding met die Here nie reg is nie – waar hy nog in sy eiewillige sondigheid self die sê het. Maar omdat hy hom nie wil bekeer van daardie sonde nie, sê hy eerder dat hy nie van die styl van die preke hou nie. Hy hou nie van hoe die predikant met hom praat nie.

En wat gebeur met so 'n lidmaat? Presies dieselfde as wat met baie van die Fariseërs en wetgeleerdes gebeur het. Hulle het hulle nie bekeer nie en hulle het nie geglo nie omdat hulle nie na die Woord van die Here wou luister nie. Geliefdes, dit is nie dat ons baie eredienste bywoon en baie Bybel lees wat ons gelowige Christene maak nie. Slegs die offer van Jesus Christus en die geloof in daardie volmaakte werk van Christus maak dat 'n mens 'n gelowige Christen is. Ons kan soveel preke hoor as wat ons wil en ons kan so ernstig wees as wat ons wil dat die verkondiging van die Here se Woord suiwer moet wees, maar as ons ons nie bekeer nie en nie glo nie, is ons maar presies dieselfde as daardie geslag mense van wie Jesus in hierdie gelykenis gepraat het. Dan is ons ook maar vervlakste stout kinders wat net hulle eie sin wil hê en dikmond raak as hulle nie hulle sin kry nie.

Laat ons onself aan die Here se gesagvolle Woord onderwerp. Wie homself nie aan die Woord onderwerp en hom bekeer en glo nie, sal nie die koninkryk van God beërf nie. En dan is dit nie omdat die Woord te swak is of omdat Jesus nie genoegsaam aan die kruis gely het nie. Dit is omdat ons nie wil luister wanneer die Here in alle erns en liefde ons roep nie.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 17-2:5, 6, 7, 8 (18:5, 6, 7, 8)

- 5 Kom dan tot My, o almal wat / vermoeid is en so swaar belas,
Ek gee 'n rusplek vir die voet / waarvoor daar nêrens rusplek was;
- 6 verligting vir die skouer wat, / deur druk gemartel en gepla,
en onder lewensorge krom, / 'n altyd swaarder las moet dra.
- 7 Maar leer: dat Ek sagmoedig is, / en dat Ek needrig is van hart.
Dan sal jul rus vind vir jul siel / en vrede by die wreedste smart.
- 8 En dra my juk: die juk is sag, / wat nooit gedruk het of geknel;
en dra my las: die las is lig, / wat nooit gekneus het of gekwel.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
15 November 2015